

Facebook of Face-time?

Volgens 'n artikel in Beeld van 2 Junie 2010 kies Suid-Afrikaanse kinders hulle selfone, geld, ouers en Mxit (in daardie volgorde) in 'n onlangse meningspeiling. Werkstres, drukkende finansiële omstandighede en omgewings stressore is maar van die invloede wat op ons land se gesinne druk plaas. Al hierdie stressore het natuurlik ook 'n negatiewe invloed op gesin kohesie en –kommunikasie. Wat afgelei kan word uit hierdie meningspeiling is dat kinders 'n behoefte tot verhouding (selfone is instrumente wat verhouding fasiliteer – vergelykbaar met 'n moderne fopspeen) en geborgenheid toon, dat 'n kommersiële en individuele samelewing sy invloed op ons kinders het. Dit is tog positief dat kinders darem nog hulle ouers bo mxit (vriende) kies, wat moontlik daarop dui dat die gesinstruktuur steeds die ideale bron is vir kinders se veiligheid, geborgenheid en sekuriteit.

Die fokus vir die les is om 'n bewustheid by kinders te skep dat daar nie 'n plaasvervanger kan wees vir “face-to-face” verhoudings nie. Sosiale media is goed om ons administrasie van verhoudings te vergemaklik, maar kan maklik ook 'n valse sekuriteit of selfs verslawing (by gebrek aan voldoende geborgenheid) skep, wat dan negatief sal wees. Dit is belangrik dat sosiale media nie in 'n negatiewe lig geplaas moet word nie, maar dat ons binne ons gesinne en geloofsgemeenskappe sal fokus op opregte en volhoubare verhoudings.

Reviewing:

Diamant vrae:

- Van watter sosiale media maak julle gebruik? (Mxit, Facebook, Twitter, My Space, ens.)
- Hoeveel vriende/kontakte het julle op hierdie media?
- Hoekom maak mens van dinge soos Facebook, Mxit, Twitter, ens. Gebruik?
- Wat is jou *most embarrassing* Mxit/Facebook/Twitter oomblik?

Hart vrae:

- Hoe voel dit om met vriende op Mxit te gesels?
- In watter volgorde van belangrikheid sou jy die volgende plaas:
 - Geld
 - Ouers
 - Selfoon
 - Mxit/
 - Facebook/
 - Twitter
 - Vriende
 - Skool
 - Kuier
- Is jou selfoon een van jou beste vriende?

Skoppens vrae:

- Hoe belangrik is dit om saam met jou vriende te kuier sodat julle verhouding kan groei?
- Wat is belangrik in vriendskappe sodat dit regte vriendskappe kan wees?

Klawer vrae:

- As jy 'n ouer was dat sou jou reëls aan jou kinders wees oor selfone?
- Wat kan jou gesin doen om hegter (“closer”) verhoudings te skep?
- Wat kan ons gemeente doen om 'n veiliger ruimte vir mense te skep – 'n ruimte te skep waarin mense maklik kan “belong”?
- Hoe kan jy vir mense 'n ruimte skep waar hulle “belong”?